cecil skotnes
retrospective
1956 to 1972
at the
art museum pretoria
march april 1972



cecil skotnes

cover
woodcut in 4 colours 1972
56×40 cm

opposite
woodcut 1958
30×26 cm

Cecil Skotnes

Van al die Suid-Afrikaanse kunstenaars is Cecil Skotnes die een wie se werk seker die duidelikste spreek van die gees van Afrika. Natuurlik het hy die inspirasie van die klassieke kuns van Afrika ondergaan — hy is die eerste om dit te erken; maar daarby moet ons ook dadelik besef in hoe 'n mate hy hierdie inspirasie verwerk het, in hoe 'n mate hy tot 'n eie siening en vormgewing gekom het.

Laat ons eerstens op die inwerkinge let: Die inwerkinge van Negerkuns is by Skotnes nie alleen duidelik sigbaar in die uiterlike voorkoms, die vormgewing en simboliek nie, maar kan ook bespeur word in Skotnes se geestelike instelling soos dit in sy kuns geopenbaar word. Op die uiterlik waarneembare vlak kry ons die hoekigheid van patroon en vorm; die gebruik van aardkleure in 'n beperkte kleurgamma saam met die oorwegende swart kleur; die aanwending van die menslike figuur op 'n wyse wat onmiskenbaar ontleen is aan die Neger se figuurweergawe; en 'n byna barbaarse direktheid wat kragtig aandoen. Selfs sy oorwegende gebruik van hout in sy kuns gee dit 'n verbondenheid met die houtbeelde van Afrika-kuns.

As mens is Skotnes intens bewus van die skeppende vermoë van die inboorlinge van hierdie land. Nie verniet het hy 'n hele generasie van stedelike Bantoes by die Pollystraat Kunssentrum gehelp om hul eerste opleiding in, ja, eerste kennismaking met die beeldende kunste te kry nie. Dit is dan ook te verstaan dat daar 'n wederkerige artistieke vorming tussen leerling en leermeester by hierdie skool moes gewees het. Ons kan egter maklik hierdie invloed op Skotnes se kuns oorbeklemtoon. Daar is talle voorbeelde van strenger en meer deurdagte ontwerpe van sy hand waar daar veel meer sprake is van intellektuele abstraksie en suiwerder ontleding (in die Wes-Europese tradisie) as wat normaalweg in Afrika-kuns bespeur kan word. Dikwels is sy bewuste primitivisme dan ook meer algemeen van aard, kan mens sê dat dit net sowel van primitiewe Oseaniese kuns as van Afrika-kuns ontleen is.

Veel eerder sou ek die beeld van Afrika in Skotnes se kuns weerspieël sien in die sin van 'n geestelike instelling. Die uiterlike ooreenkomste spreek vanself: die dramatiese, die gebruik van aardkleure, die verwysing na die bekende Afrikabeelde en -maskers; die totemagtige figure met hul strakke stilering. Veel dieper, myns insiens, lê die geestelike ooreenkomste: ons let daarop dat primitiewe kuns ook, soos Skotnes se kuns, ingestel is op die dramatiese, die humoristiese, die mens se lewe gesien as aksie, en nie op 'n afstand met beskouende afsydigheid betrag nie. Soos vir die primitiewe mens, beteken die kuns vir Skotnes 'n gedurige, volle deelname aan die meevoerende stroom van die lewe, die krag en energie van die aardse bestaan.

Met hierdie tentoonstelling kry ons, moontlik vir die eerste keer, die geleentheid om Skotnes se kuns oorsigtelik te benader. Die vroeë werke toon hom as 'n sensitiewe abstraheerder van natuurlike vorme: landskappe wat met sterk, deurmekaar vlegtende lyne 'n gespanne komposisie vorm wat na die abstrakte neig; figure waarby die natuurlike rondinge van die vorms ondergeskik gemaak word aan die liniêre konstruksie. Dan die sterk invloed van Afrika-kuns: strak, staccato, liniêr, kontrasterend, barbaars-direk. En nog later, die meer subtiele gebruik van die menslike figuur, figure wat nou 'n meer simboliese aard begin kry, 'n geheimsinnigheid, 'n tydloosheid wat hulle tot argaiese of hiëratiese oerfigure verhef.

Deur sy kuns openbaar Skotnes die gees van Afrika aan ons. Maar hyself word ook geopenbaar daardeur as 'n sensitiewe, uiters begaafde skepper van kunswerke wat ons boei deur hul krag, hul vindingrykheid, hul ryke gekompliseerdheid van komposisie, kleur, tekstuur en vormgewing. Soos alle meesters van die kuns, boei Skotnes ons deur sy kragtigheid en helderheid, en tegelyk sy subtiliteit en fynheid van konsepsie.

A. J. Werth — Direkteur Pretoriase Kunsmuseum

wood-panel 1964
91 × 61 cm

Cecil Skotnes

Very few South African artists have been able to establish an artistic form of expression which is not only personal, but also captures the spirit of our own complex environment.
Among these few is Cecil Skotnes.
Unperturbed by fashionable tendencies, Skotnes follows instinctively his urge to express himself. He creates an artistic record of our time and our own environment, giving his work universal validity.
An important factor contributing to this achievement is his unusual medium of incised and painted wood-panels.
In 1955 the painter Skotnes began to experiment with the century-old graphic medium of the woodcut. The following year he produced his first prints, taken from the traditionally incised woodblock.
For Skotnes, these early black and white prints opened a wealth of completely new possibilities. Several years of pure graphic production followed, during which Skotnes developed and matured into a very notable graphic artist. Not only had he learned to master a technique entirely new to him, he had also discovered his own world of shapes. Very soon Skotnes realised the limitations of print-making without working in an additional medium. The German Expressionists, amongst others, had already most successfully exploited the revived art of the woodcut.

Why not use the wood-block itself as an artistic presentation?
Cecil Skotnes, in 1959, entered his first wood-panel for the Bienal de Sao Paulo, Brazil. The wood-panel, which was much larger than the wood-blocks suitable for printing, had the depressions of the relief shaded in white and greys, and the raised contour surface inked in stark black.
The first wood-panel by Cecil Skotnes made quite an impact, and for Skotnes this strongly graphic technique became his main medium.
The grey-white backgrounds gradually changed to browns and ochres, and from ochres to earthen reds and sandy yellows.
The dormant colour sense of the painter Skotnes awakened and demanded an equal share. The sombre and subdued colours brightened. The black contours made way for glowing reds, orange and white on umber and ochre backgrounds. Bright yellows, greens and sometimes blues were added, leading to the tremendous and vibrant outburst of colour vitality, so aptly tuned to suit the dynamic shapes — rhythmic symbols of Africa.
From the traditional culture of twentieth century Europe, and inspired by the complexity of african imagery, Cecil Skotnes has crystallised his own artistic identity, which so strongly radiates from his work.

Egon Guenther

wood-panel 1965
63 × 50 cm



wood-panel 1966
60 × 76 cm



wood-panel 1969
91 × 76 cm



wood-panel 1970
91 × 91 cm

wood-panel 1971
91 × 91 cm



wood-panel 1971
152 × 183 cm

wood-panel 1971
91 × 91 cm



woodcut in 3 colours 1972
56 × 40 cm

wood-panel 1971
76 × 61 cm

wood-panel 1971
61 × 46 cm



wood-panel 1972
122 × 122 cm

wood-panel 1972
122 × 122 cm

wood-panel 1972
122 × 122 cm

wood-panel 1972
122 × 122 cm

wood-panel 1972
122 × 122 cm

woodcut in 3 colours 1972
56 × 40 cm

layout and typography
gert mathies and egon guenther
photography egon guenther
processing grafostyle
print hansa press
johannesburg south africa